





**BOTSWANA UITREIK 2019:** Ons beplan om aan elke vrou wat aan ons uitreikaksies deelneem in Werda 'n toiletsakkie met die volgende te gee:

- Deoderant—aanrol
- Waslap—lyf seep
- Tandeborsel—tandepaste
- Gesig handdoekie
- Handeroom
- Vaseline
- Zambuck (klein)
- Kam—borsel

Die vrouens is baie arm en dit beteken vir hulle baie. As jy so 'n pakkie of selfs net een van die items wil skenk, sal dit ons baie help. Dit kan by die kerkkantoor afgegee word, of Sondae na erediens toe gebring word.

**BOTSWANA UITREIK:** Ons het baie navrae gehad oor rosyne – ons kon weer kry en dit is nou weer beskikbaar @ R50p/kg. Die perskes het baie goed verkoop en ons behoort binne 'n paar weke uit te verkoop. Gou spring as julle nog wil hê!

Ons is baie dankbaar vir nog 2 voertuie wat uit ons gemeente bygekom het vir die uitreik. Daar is in die groot groep saam met Reebok gemeente nog een voertuig kort. Die Here is getrou en ons glo dit sal ook uitgesorteer word!



# NG KERK MOSSELBAAI-SUID

## AFKONDIGINGE: 12 MEI 2019

*"Moet oor niks besorg wees nie, maar maak in alles julle begeertes deur gebed en smeking en met danksegging aan God bekend". (Filippense 4:6)*

## PROGRAM VIR VANDAG

**DEUROFFER:** Spesiale offer vir Bybelverspreiding.

**KATEGESE/KINDERKERK:** Gr R-6 vir Kinderkerk in die saal en Gr 7-8 na die "Gat" na die kinderoomblik in die diens en Gr 11 vergader 10:30 in die "gat".
Gr 9-10 soos deur ds Robert gereël.

**NUWE INTREKKERS:** Baie welkom in ons midde - mag u verblyf tot seën wees! Die dominee ontmoet jou graag na die diens voor die kansel.

## VOLGENDE SONDAG

**EREDIENSTE:** Om 09:00 in die kerkgebou (ds André) en Vleesbaai (ds Robert).

**DEUROFFER:** Spesiale offer vir die Vleesbaai Huis/Blommekomitee.

**KATEGESE/KINDERKERK:** Gr R-6 vir Kinderkerk in die saal en Gr 7-8 na die "Gat" na die kinderoomblik in die diens en Gr 11 vergader 10:00 in die "gat".
Gr 9-10 soos deur ds Robert gereël.

## PROGRAM VIR DIE WEEK

**KLEINGROEPE:** Vergader soos onderling gereël. Nuwelinge kan die kerkkantoor (tel. 6903552) kontak vir meer inligting.

Ds Danie: Geen agv Sinodesitting.
Ds André: Dinsdag Bybelstudie om 09:30, Woensdag geen selgroep.
Ds Robert: Groepe soos gereël.

**Donderdag:** Manne bid 06:00 in die saal.
**Maandag tot Vrydag:** Sinodesitting te Goudini.




**BANKBESONDERHEDE**

*Dankoffers: Absa Mosselbaai, rek.no. 207 058 0031*
*Geloofsoffers: Absa Mosselbaai, rek.no. 207 016 7886*

## BELANGRIKE INFO

**KOSKAS: Mei** is **Streek B** se beurt om bydraes te maak vir die koskas. Droë produkte, groente, blikkies en gevriesde produkte, asook kontantbydraes kan by die kerkkantoor of die dienswerker afgegee word. Joey (073 2988 142).

**DEUROFFERS:** Spesiale offer vir Helplift was R3430-40.



**SAAMKUIER NA DIENS:** Lekker koffie en tee word na die diens in die kerksaal bedien. Kom kuier gesellig saam en leer mekaar beter ken.

**HAP EN KRAP:** Baie dankie vir almal wat hard gewerk het, ondersteun het en meegeleef het met ons fondsinsameling. Almal se insette word met waardering ontvang in diens van ons Here. Ons gemeente het vir 'n groot tekort begroot en ons moet maar elkeen ons deeltjie doen om die begroting te laat klop.

**SINODESITTING:** Die Weskaap Sinodesitting is DV 13-17 Mei te Goudini. Ons drie dominees en drie lidmate verteenwoordig ons gemeente daar. Bid asseblief vir die vergadering en ons afgevaardigdes se veilige reis en gesondheid.

**VONKELVROUE:** Kom luister na 'n praatjie oor die lewe van 'n dowe op 23 Mei 2019 om 18:30. Kaartjies is R15 en by die deur beskikbaar. 'n Ligte ete word bedien. Diegene wat by die beertjieprojek betrokke is en reeds beertjies klaar het, kan dit asb saambring. Die projek gaan volgende kwartaal nog aan.

**KERKRAADSVERGADERING:** Skuif na 13 Junie 2019.

**PINKSTERBIDURE:** Beplan nou reeds, sodat u hierdie wonderlike geleentheid tot geestelike toerusting kan bywoon. Dit vind DV 2-9 Junie plaas. Ons sal mettertyd meer inligting deurgee.

**PINKSTER:** In die kerkgebou. Die tema vanjaar DV is: *'n Aptyt vir die dinge van God*. Ons gaan die analogie van saam eet en kuier gebruik (in Jesus se geselskap).

**TE KOOP:** Geskilde perskes @ R85 p/kg en ongeskilde perskes @ R65 p/kg, rosyne R50p/kg.

**OPSOEK:** Na lidmate met die volgende beroepe/ besighede: loodgieter, skoonmaker, handyman, bouer, elektrisiën, hardeware winkel, tuindienste, ens. of sommer net om u hulp aan te bied met enige takie rondom ons geboue. Gee asb u naam deur vir Lezelda by die kerkkantoor by 044-6903552 of ngkerkmsb-suid@absamail.co.za





# GEBEDSBULLETIN

**<u>MEI se tema</u>:** ***Vrede—Die Here se vrede kan ons deel wees self as dinge polities, finansieel, gesondheid of hoe ookal nie is soos ons sou verkies nie.***

**<u>Hierdie week se DANKSEGGING</u>:**

* Dank die Here vir Joh 16:22 - Dit sê Ek vir julle, sodat julle vrede kan vind in My. In die wêreld sal julle dit moeilik hê; maar hou moed: Ek het die wêreld klaar oorwin."
* Die vrede tussen ons en God deur ons Here Jesus Christus. (Rom 5:1)
* Ons gemeente se "voetspoor" in ons gemeenskap - Smartstart (skooltjies), sopkombuise, Helplift.
* Die rol wat ma's en oumas speel (Moedersdag). Loof die Here vir vroue (moederfigure) in kleuterskole, grondslagfase, kinderbediening en in kinderhuise.

**<u>Hierdie week se GEBED EN SMEKING</u>:**

* Bybelverspreiding (deuroffers) - Dmv ons bydrae kan Bybels bekostigbaar (of gratis) versprei word waar mense dit nie kan bekostig nie.
* Gideons - plasing van Bybels in skole, hospitale, spreekkamers, gastehuise, hotelle, wagkamers.
* Ramadan (6 Mei tot 4 Jun) - die Moslems se maand van vas, gebede. Aalmoese. Bid vir openbarings van en deur Jesus Christus.
* Yemen - die gebeure daar word beskryf as die grootste humanitêre ramp ooit (oorlog, honger, siekte, armoede, gebrek aan opvoeding en medies, ens).
* Weskaap sinode (13-17 Mei) - tema: volg Jesus met waagmoed. Bid vir bewaring op pad, gesondheid, die vergadering se beluitneming.
* Pinkster.
* Verkiesing - verkose lede en verkiesingsbeloftes

**PERSOONLIK:** Inwoners van Santos Haven se drie siekeboeë, Kenani, Huis Elsjé, Benevolent Park, Ons Huis, Huis Caro en Ons Rus. Die volgende lidmate herstel na operasies, hospitalisasie, siekte tuis, of beleef ander krisisse:

**SIEKES:** Esmé van Rooyen Santos Haven, James Campbell Santos Haven, Dennis Viljoen Santos Haven, Elsabie Stander Nuture Park, Andries Steyn De Bosse, Pieter Looch 17de Laan, Bennie Matthee Diazstrand, Louis Botha Edgar Furnessstr, Denise Laufs Nettie Thatcherstr.

**STERFTES:** Swaer van Denise Steenkamp Sigmastr.